AANBIEDING	VLAK 1 Het ge- analiseer en historiese verklarings gemaak. Goed beplande en gestruktu- reerde opstel.	VLAK 2 Het ge- analiseer en historiese verklarings gemaak. Goed beplande en gestruktu- reerde opstel.	VLAK 3 Poog om te analiseer en historiese verklarings toe te pas. Goed beplande en gestruktu- reerde opstel.	VLAK 4 Poog om te analiseer en historiese verklarings toe te pas. Opstel in 'n sekere mate beplan en gestruktureerd.	VLAK 5 Analise en historiese verklarings in 'n sekere mate toegepas. Poging tot strukturering.	VLAK 6 Analise en historiese verklarings soms of glad nie gemaak nie. Geen duidelike struktuur nie.	VLAK 7 Geen analises en historiese verklarings nie. Geen struktuur nie. Onlogies (tot 'n sekere mate).
VLAK 1 Vraag is ten volle beantwoord. Inhoudseleksie is ten volle relevant tot gedagterigting wat gevolg is.	A+ 47 - 50	A 43 - 46	A- 40 - 42			A: 120 – 150 B: 105 – 119 C: 90 – 104 D: 75 – 89 E: 60 – 74 F: 50 – 59 FF: 45 – 49 G: 38 – 44 GG: 30 – 37 H: 0 – 29	
VLAK 2 Vraag is beant- woord. Inhoudseleksie is relevant.	A 43 – 46	A- 40 – 42	B+ 38 – 39				
VLAK 3 Vraag tot 'n groot mate beantwoord. Inhoud voldoende gedek en relevant.	B+ 38 – 39	B 36 – 37	B- 35	C+ 33 – 34			
VLAK 4 Gestelde vraag is herkenbaar in antwoord. Effens onvoltooid en meestal relevant.			C+ 33 – 34	C 31 – 32	D+ 28 – 29		
VLAK 5 Feite hou verband met die vraag, maar beantwoord dit nie. Gebreke t.o.v. omvang (soms irrelevanthe).				C- 30	D 26 – 27	E+ 23 – 24	
VLAK 6 Feite hou verband met die vraag, maar beantwoord dit nie. Inhoud skraal (soms irrelevanthe).					D- 25	E 21 – 22	E- 20
VLAK 7 Vraag ontoereikend of glad nie beantwoord nie. Inhoud skraal of ontoereikend. Grootliks/ heel- temal irrelevant						E- 20	F 13 – 19 G 07 – 12 H 00 – 06



AFDELING A: OPSTELVRAE

- **NASIENERS MOET DAAROP LET DAT DIE INHOUD VAN DIE ANTWOORD GELEI SAL WORD DEUR DIE HANDBOEKE WAT BY 'N SPESIFIEKE SENTRUM IN GEBRUIK IS.**
- **KANDIDATE MAG ENIGE ANDER TOEPASLIKE INLEIDING OF SAMEVATTING Hê AS DIT WAT INGESLUIT IS BY 'N RIGLYN VIR NASIEN VAN 'N SPESIFIEKE OPSTEL.**



VRAAG 1A AFRIKA IN DIE TWINTIGSTE EEU

Verduidelik waarom die Europese koloniale moondhede gedwing was om onafhanklikheid aan die Afrika-kolonies, gouer as wat verwag was, toe te ken. [50]

SINOPSIS

Kandidate moet in staat wees om te verduidelik waarom die Europese moondhede gedwing was om onafhanklikheid aan die Afrika kolonies toe te ken. Hulle moet die geïdentifiseerde faktore ontwikkel om hul bespreking te ondersteun.


*NB: Die hoofaspekte (bullets) moet gebruik word om aan die vraag se vereistes te voldoen en om 'n gegewe gedagterigting te ontwikkel. **Die blote neerskryf van 'feite' is onvoldoende.***

HOOFASPEKTE

- Inleiding – Kandidate mag dekolonisasie definieer/beskryf en/of die faktore wat gelei het tot dekolonisasie noem.
Enige ander relevante inleiding

UITEENSETTING

- Verswakking van Koloniale Moondhede na die Tweede Wêreldoorlog
- Nuwe Supermoondhede – VSA en USSR – vyandiggesind teenoor Europese kolonialisme
- Toenemende druk om dekolonisasie in die Verenigde Nasies (nuwe onafhanklike Asiatiese lande; Internasionale Deklerasie van Menseregte)
- Opkoms van Afrika Nasionalisme as gevolg van ervaringe tydens die oorlog; snelle na-oorlogse verstedeliking; verspreiding van onderwys; toenemende bewuswording en eise om vryheid en demokrasie
- Samevatting – Kandidate kan saamvat deur te beklemtoon dat verskillende faktore 'n rol gespeel het in die dekolonisasie van Afrika.
Enige ander relevante samevatting



VRAAG 1B

Bespreek hoe die uitdagings van die Afrika-state onrus en onstabiliteit na onafhanklikheid in die kontinent van Afrika teweeggebring het. **[50]**

SINOPSIS

Kandidate moet al drie uitdagings naamlik politieke, ekonomiese en sosiale uitdagings wat die nuwe onafhanklike Afrika state ervaar het bespreek en verduidelik hoe hierdie uitdagings onrus en onstabiliteit in die vasteland van Afrika teweeggebring het.


*NB: Die hoofaspekte (bullets) moet gebruik word om aan die vraag se vereistes te voldoen en om 'n gegewe gedagterigting te ontwikkel. **Die blote neerskryf van 'feite' is onvoldoende.***

HOOFASPEKTE

- Inleiding: Kandidate moet aandui hoe die uitdagings in die opstel bespreek gaan word.

UITEENSETTING

- Politieke uitdagings (mag enige uitdagings gebruik [administratiewe; etniese; militêre; landsbestuur; of enige ander relevante uitdagings.] om hul argument te ondersteun)
- Ekonomiese uitdagings (mag enige uitdagings gebruik [landbou; mynbou; vervaardiging; vervoer; kommunikasie; of enige ander relevante uitdagings] om hul argument te ondersteun)
- Sosiale uitdagings (mag enige uitdagings gebruik [onderwys; gesondheid; verwaarloosing van platteland; enige ander relevante uitdagings] om hul argument te ondersteun)
- Samevatting: Kandidate moet hul argument saambind deur samevattende opmerkings oor die politieke, ekonomiese en sosiale uitdagings
Enige ander relevante samevatting



VRAAG 2A DIE OPKOMS VAN SOWJET-RUSLAND

Beskryf die ekonomiese beleidsrigtings wat deur Lenin tussen 1917 en 1924 gevolg is.

[50]**SINOPSIS**

In die beantwoording van die vraag moet kandidate die kenmerke van Oorlogskommunisme en die Nuwe Ekonomiese Beleid (NEB) bespreek. Die gevolge wat elk van die beleide op die Sowjet-staat gehad het moet aangedui word.

NB: Die hoofaspekte (bullets) moet gebruik word om aan die vraag se vereistes te voldoen en om 'n gegewe gedagterigting te ontwikkel. Die blote neerskryf van 'feite' is onvoldoende.


HOOFASPEKTE

- Inleiding – Kandidate kan kommentaar lewer op die kenmerke van Oorlogskommunisme en die NEB en hoe die beleide die ekonomie affekteer het. Enige ander relevante inleiding

UITBREIDING

- Oorlogskommunisme
Kenmerke en gevolge:
(bv. staatseienaarskap van grond, boere moet meer voedsel produseer vir verspreiding, Tsjeka het beleid afgedwing, industrieë genasionaliseer, geen privaathandel, arbeiders gestuur waar hulle benodig word.
negatiewe resultate, produksie afgeneem, hongersnood, wydverspreide onrus, weerstand deur boere, blameer regering, muitery by Kronstadt vlootbasis)
- Die Nuwe Ekonomiese Beleid
Kenmerke en gevolge:
(bv. afneem van voedsel gestaak, kleinboer graanbelasting aan staat – kon oorskot op oop mark verkoop, grond kon verhuur en kleinboere in diens geneem word, industrieë met minder as 20 werkers geprivatiseer, groter industrieë gebly onder staatsbeheer, dwangarbeid afgeskaf, Staatsbank in die lewe geroep – het ekonomie verbeter, boere mer produseer, opkoms van koelakke, toename in landbouproduksie, handelsooreenkomste met buitelandse moondhede, opkoms van NEB-manne)
- Samevatting – Kandidate moet hul gedagterigting saambind en weer verwys na Oorlogskommunisme en die NEB en die uitwerking wat elk op die ekonomie van Sowjet Rusland gehad het.
Enige ander relevante samevatting

Kopiereg voorbehou



Blaai om asseblief

VRAAG 2B

Met verwysing na die Vyfjaarplanne te verwys, verduidelik hoe Stalin Sowjet Rusland in 'n ekonomies selfonderhoudende land hervorm het.

[50]**SINOPSIS**

Kandidate moet aandui hoe Stalin Sowjet Rusland hervorm het en voortdurend na die mate van sukses verwys. Hulle moet bepaal of Stalin suksesvol was om 'n ekonomies-selfonderhoudende ekonomie tot stand te bring en na gebreke, indien daar enige was, verwys.

*NB: Die hoofaspekte (bullets) moet gebruik word om aan die vraag se vereistes te voldoen en om 'n gegewe gedagterigting te ontwikkel. **Die blote neerskryf van 'feite' is onvoldoende.***


HOOFASPEKTE

- Inleiding: Kandidate moet aandui hoe hulle die vraag gaan beantwoord. Hulle moet ook aandui dat Rusland voor die bekendstelling van die Vyfjaarplanne nie ekonomies-selfonderhoudend was nie.
Enige ander relevante inleiding

UITEENSETTING

Gebruik die oogmerke en maatreëls om die suksesse van die volgende te bepaal:

- Eerste Vyfjaarplan
- Tweede Vyfjaarplan
- Derde Vyfjaarplan
- Samevatting: Kandidate moet die argument saamvat deur aan te dui dat Stalin gedeeltelik suksesvol was (omdat daar gebreke was) om Rusland in 'n onafhanklik en ekonomies-selfonderhoudende ekonomie te ontwikkel.
Enige relevante samevatting



VRAAG 3A DIE OPKOMS VAN DIE VERENIGDE STATE VAN AMERIKA

Bespreek die ineenstorting van die Wallstraat-aandelebeurs en die gevolge daarvan in die Verenigde State van Amerika.

[50]**SINOPSIS**

Kandidate moet die faktore wat bygedra het tot die ineenstorting van die Wallstraat aandelebeurs en die gevolge wat dit in die VSA gehad het bespreek.


*NB: Die hoofaspekte (bullets) moet gebruik word om aan die vraag se vereistes te voldoen en om 'n gegewe gedagterigting te ontwikkel. **Die blote neerskryf van 'feite' is onvoldoende.***

HOOFASPEKTE

- Inleiding – Die kandidate kan 'n inleidende bespreking oor die oorsake van die ineenstorting van die Wallstraat aandelebeurs en die gevolge wat dit in die Verenigde State van Amerika gehad het aanbied.
Enige ander relevant inleiding

UITEENSETTING

- Oorsake (*die meerderheid moet bespreek word*)
(bv.: isolasionisme; oorproduksie in landbou want na Eerste Wêreldoorlog het uitvoere afgeneem; verlies van Europese markte; laissez-faire beleid; ondoeltreffende arbeidswetging; gebrek aan welynsprogramme om die armes en gestremdes te beskerm; koop op krediet/geen persoonlike besparing; oorspekulasie; massa verkoop van aandele)
- Uitwerking (relevante voorbeelde van die volgende)
(bv.: politieke; sosiale; ekonomiese)
- Samevatting – Die samevatting moet na die oorsake en uitwerking van die ineenstorting van die Wallstraat aandelebeurs verwys.
Enige ander relevante samevatting



VRAAG 3B

Verduidelik hoe die alfabet-agentskappe van President Roosevelt se 'New Deal'-beleid tot die ekonomiese herstel van die Verenigde State van Amerika bygedra het. [50]

SINOPSIS

Daar word verwag dat kandidate moet verduidelik hoe die maatreëls van die New Deal (alfabet-agentskappe) bygedra het tot die ekonomiese herstel van die Verenigde State van Amerika.


NB: Die hoofaspekte (bullets) moet gebruik word om aan die vraag se vereistes te voldoen en om 'n gegewe gedagterigting te ontwikkel. Die blote neerskrif van 'feite' is onvoldoende.

HOOFASPEKTE

- Inleiding – Die kandidaat kan inleidende opmerkings maak oor hoe die verskeie maatreëls van die New Deal van Roosevelt bygedra het tot die ekonomiese herstel van die VSA.
Enige ander relevante inleiding

UITEENSETTING

- Vertroue in Banke
(bv. Banke gesluit en ondersoek; slegs goedgekeurde Banke heropen; Nood Bankwet: beheer oor Banke)
- Verligting aan die werkloses
(bv.: massa werksverskaffingsmoontlikhede; regering neem rol van werkgewer aan; Burgerlike Grondbewaringskorps (CCC), 'Public Works Administration' (PWA), 'Civil Works Administration' (CWA), 'Works Progress Administration' (WPA) ens.; sokkombuise; 'Social Security Act': voorsiening vir welsynsprogram)
- Verbeterde toestande vir boere
(bv. Plaas Kredietwet : help boere om verbande te herfinansier; oorproduksie groot probleem; pryse afgeforseer; Landbou-aanpassingswet (AAA): produksie en prysstruktuur in landbou)
- Samevatting – Die kandidaat moet samevattende opmerkings maak oor hoe die maatreëls deur die New Deal ingestel die verskillende seksies in vraag aangespreek het.
Enige ander relevante samevatting




AFDELING B: BRONGEBASEERDE VRAE**DIE NASIEN VAN BRONGEBASEERDE VRAE**

- By die nasien van alle brongebaseerde vrae moet krediet toegeken word vir enige ander geldige en toepaslike standpunte, argumente, bewyse of voorbeelde.
- By die toekenning van punte moet seker gemaak word of daar aan die vereistes van die vraag voldoen is of nie.
- In hierdie riglyne vir nasien word die vereistes van die vraag (vaardighede waaraan aandag gegee moet word) sowel as die vlak van vraagstelling aangedui in kursiefgedrukte skrif.


VLAKKE VAN BRONGEBASEERDE VRAAGSTELLING

VLAK 1 (V 1)	Seleksie/ onttrekking van inligting uit bronne.
VLAK 2 (V 2)	Eenvoudige interpretasies deur gebruik te maak van een bron en breëre kennis om bewys te lewer van begrip oor die periode/ onderwerp/ saak.
VLAK 3 (V 3)	Eenvoudige interpretasies deur gebruik te maak van meer as een bron en breëre kennis om bewys te lewer van begrip oor die periode/ onderwerp/ saak.
VLAK 4 (V 4)	Komplekse interpretasies wat dikwels meer as een bron behels. Hierdie vrae konsentreer op aspekte soos bevooroordeeldheid, betroubaarheid, die gebruik van organiseringsbegrippe (ooreenkoms en verskil, oorsaak en gevolg, chronologie; verandering en kontinuïteit) om kontraste, vergelykings en verskillende standpunte te verduidelik en as 'n finale stap om hierdie insigte aan te wend om 'n paragraaf te skryf of, met ander woorde, om 'n stukkie geskiedenis te skryf wat gebaseer is op bewyse uit die bronne.



VRAAG 4 AFRIKA IN DIE TWINTIGSTE EEU**4.1 WAAROM HET DIT NOODSAAKLIK GEWORD VIR DIE STIGTING VAN DIE ORGANISASIE VIR AFRIKA-EENHEID?**

- 4.1.1 a) *[Onttrekking van bewyse – V1]*
- Afrika nie slegs bevry nie maar ook verenig (1x1)
- b) *[Onttrekking van bewyse – V1]*
- Ras, godsdiens, kultuur en tradisie (enige 2x1)
- 4.1.2 *[Interpretasie van bewyse – V2]*
- Eenheid sal Afrika help om verskille te oorkom en om 'n gemeenskaplike doel te bereik (1x2)
- 4.1.3 *[Interpretasie – V2]*
- Afrika se vryheid sal nie volhou kan word nie a.g.v. verskille tussen onafhanklike state
 - Enige ander relevante antwoord (1x3)
- 4.1.4 *[Interpretasie van bewyse – V2]*
- Omdat Pan-Afrika die ideale van Afrika eenheid op 'n Afrika wyse beklemtoon
 - Enige ander relevante antwoord (1x2)
- 4.1.5 *[Vergelyking van bronne 4A en 4B om ooreenkomste te identifiseer – V4]*
- Beide bronne (leiers) is verseker dat Afrika eenheid moontlik is
 - Struikelblokke kan oorkom word
 - Afrikane het gemeenskaplike doelstellings (enige 2x2)
- 4.1.6 *[Vergelyking van bronne om 'n antwoord te formuleer – V4]*
- Positiewe gesindheid van Afrika leiers
 - Afrika leiers het hul verskille opsygeskuif (enige 1x2)
- (16)**



4.2 HOE SUKSESVOL WAS DIE ORGANISASIE VIR AFRIKA-EENHEID (OAE) OM SY DOELSTELLINGS TE BEREIK?

4.2.1 (a) [Interpretasie van bewyse – V2]

- Euwels van burgeroorlog in Sentraal Afrika (1x2)

(b)[Bepaal die bruikbaarheid van Bron 4C – V4]

Bruikbaarheid

- Om die uitwerking van burgeroorloë in Sentraal Afrika te verstaan
- Skets beklemtoon die situasie in Sentraal Afrika gedurende die burgeroorloë
- Weerspieël die ervaringe van gewone mense, insluitend kinders
- Enige ander relevante antwoord (enige 2x2)

4.2.2 [Interpretasie van bewyse en gebruik van eie kennis – V2]

- Moet verseker dat kinderegte beskerm word
- Moet verseker dat kinders nie blootgestel word aan geweld nie
- Enige ander relevante antwoord (enige 2x2)

4.2.3 [Vergelyking van bronne 4C en 4D om ooreenkomste te identifiseer – V4]

- Beide bronne fokus op uitdagings deur OAE in gesig gestaar
- Bron 4C – weerspieël onvermoë van OAE om burgeroorloë in Afrika te keer
- Bron 4D – weerspieël die kritiek wat teen OAE gelewer was (enige 2X2)

4.2.4 [Interpretasie van bewyse – V2]

- Onvermoë van OAE om uitdagings van Afrika te hanteer (1x2)


4.2.5 [Interpretasie van bewyse – V2]

- Jaloesie tussen lidstate
- Gebrek aan eenheid
- Enige ander relevante antwoord (enige 2x2)

4.2.6 [Bepaal die bruikbaarheid van bron – V4]

Bruikbaarheid

- Om te verstaan hoe die buitewêreld (Weste) die OAE evalueer ten opsigte van doelstellings
- Om te begryp dat die OAE nie heeltemal suksesvol was nie
- Enige ander relevante antwoord (enige 2x2)



4.2.7 [Onttrek geselekteerde bewyse uit al die bronne, organiseer die inligting in 'n gestruktureerde paragraaf – V4]


Gebruik die holistiese matriks hieronder en die volgende om 'n punt toe te ken.

Die paragraaf moet gebaseer word op bewyse uit al die bronne en moet fokus op:

- OAE het 'n aantal terugslae ervaar
- Bron 4C – uitdagings deur OAE ervaar, d.i. burgeroorloë, Menseregte skendings
- Bron 4D – kritiek omdat OAE nie sy oogmerke kon bereik nie

VLAK 1	<ul style="list-style-type: none"> • Kan nie relevante bewyse uit bronne onttrek nie • Onttrek bewyse uit bronne op 'n baie basiese wyse • Of kan nie oor onderwerp skryf nie • Gebruik bewyse of eie kennis gedeeltelik om oor onderwerp te skryf 	0 – 3 punte
VLAK 2	<ul style="list-style-type: none"> • Onttrek bewyse uit bronne wat meestal relevant is • Onttrekte bewyse hou tot groot mate verband met onderwerp • Gebruik bewyse uit bronne en eie kennis op 'n baie basiese wyse 	4 – 7 punte
VLAK 3	<ul style="list-style-type: none"> • Onttrek relevante bewyse uit bronne • Bewyse onttrek hou baie goed verband met onderwerp • Gebruik bewyse uit al die bronne en eie kennis baie effektief in 'n georganiseerde paragraaf • Paragraaf toon begrip van die onderwerp 	8 – 10 punte

(10)
(34)
[50]



VRAAG 5: OMSTANDIGHEDEN WAT TOT DIE TWEDE WÊRELDORLOG AANLEIDING GEGEE HET.

5.1 WAT WAS DIE ARGUMENTE VIR EN TEEN DIE PAAIBELEID?

5.1.1 a) [*Eenvoudige Interpretasie – V2*]

- Baie Britte saamgestem dat Verdrag van Versailles nie regverdig was nie
- Hitler het teruggekry wat regmatig aan Duitsland behoort het (enige 1x2)

b) [*Eenvoudige Interpretasie – V2*]

- Britte hoop dat 'n sterk Duitsland verspreiding van Kommunisme sal keer. Die USSR onder Stalin was gesien as baie groter bedreiging. (1x2)

c) i) [*Interpretasie uit bron – V2*]

- Om 'n dreigende oorlog te voorkom
- Verdrag van Versailles was nie regverdig vandaar dat oorlog gedreig het
- Hitler kon verspreiding van Kommunisme keer
- Chamberlain was a pasifis enige 1x2)

ii) [*Eenvoudige Interpretasie – V2*]

- Inwoners van Brittanje steeds 1^{ste} Wêreldoorlog onthou. Chamberlain wou nie 'n herhaling hê nie en was vasbeslote om vrede te behou. (1x2)

d) [*Interpretasie van bewyse uit bron – V2*]


- Hitler het na die toespraak Chamberlain bedrieg deur die oornam van Tsjeggo-Slowakye. Chamberlain is deur Hitler verraai. (1x3)

5.1.2 a) [*Interpretasie van bewyse uit bron – V2*]


- Dit was tyd dat Hitler uitgedaag eerder as gepaai word. Indien Chamberlain Hitler paai, sou dit Hitler bevoordeel. Hitler sou sterker en sterker word en indien oorlog uiteindelik uitbreek, sou dit teen 'n sterk Duitsland wees. (1x3)

b) [*Interpretasie van bewyse uit bron – V2*]

- Indien Frankryk oorgee, sou Brittanje die volgende slagoffer wees
- Frankryk was die vernaamste opposisie mag teen Duitsland
- Indien Frankryk ineenstort, sal Europa ineenstort
- Enige ander relevante antwoord (1x3)



- c) *[Interpretasie van bewyse uit bron – V2]*
- Chamberlain het bygedra tot die aggressie in Europa omdat hy 'n paaibeleid gevolg het
 - Chamberlain het nie insig gehad nie – kon nie voorsien tot wat diktators in staat was nie
- (1x3)
- 5.1.3 *[Vergelyking van bronne om verskille te identifiseer – V4]*
- In standpunt 4 meld Chamberlain dat Hitler hom nie om die bos sou lei nie
 - In standpunt 2 is Chamberlain verraai – Hitler was verantwoordelik vir die Eerste Wêreldoorlog
- (2x2)
- 5.1.4 *[Interpretasie van bewyse uit bron – V2]*
- Oorlog oorwin niks nie, maak niks gesond nie, beëindig niks nie
 - 7 miljoen het gesterf deur oorlog
 - 13 miljoen geskend of vermink deur oorlog
 - Lyding en nood van moeders en vaders
- (enige 2x2)
- 5.1.5 a) *[Interpretasie van bewyse uit bron – V2]*
- Paaibeleid het gefaal
 - Hitler het Brittanje en Frankryk verraai
 - Enige ander relevante antwoord
- (2x2)
- b) *[Interpretasie van bewyse uit bron – V2]*
- Daar word aangedui hoe Hitler die lande oorneem
- (1x3)
- c) *[Komplekse Interpretasie van bewyse uit bron – L4]*
- Daar was geen vrede
 - Verdere anneksasies het plaasgevind
 - Tweede Wêreldoorlog het uitbreek
- (enige 2x2)



5.1.6 [Onttrek geselekteerde bewyse en eie kennis om paragraaf te skryf – V4]


Die volgende inligting moet dien as 'n riglyn en saam met die kriteria in die holistiese matriks gebruik word om 'n punt toe te ken. Om 'n vlak 3 te behaal, moet leerders inligting **uit al die bronne en hul eie kennis gebruik**.

NIE SUKSESVOL

- Bied aan Hitler die voordeel – hy het sterker geraak
- Brittanje en Frankryk het Hitler toegelaat om internasionale ooreenkomste te verbreek
- Chamberlain het Hitler verkeerd geoordeel. Chamberlain het nie besef dat die paaibeleid eenvoudig Hitler aangespoor het om te glo dat hy enigiets kan doen
- Diegene ten gunste van die paaibeleid het uitstekende geleenthede laat verbygaan om Hitler te keer, veral tydens die besetting van die Rynland in 1936.
- Paaibeleid kon nie oorlog in 1939 keer nie

VLAK 1	<ul style="list-style-type: none"> • Kan nie bewyse onttrek of onttrek bewyse uit bronne op 'n baie basiese wyse • Gebruik bewyse gedeeltelik om oor onderwerp te skryf of kan nie oor onderwerp skryf nie 	0 – 3 punte
VLAK 2	<ul style="list-style-type: none"> • Onttrek bewyse uit bronne wat meestal relevant is en wat tot groot mate verband hou met onderwerp • Gebruik bewyse uit bronne op 'n baie basiese wyse • Bewyse georganiseer in 'n paragraaf wat 'n mate van begrip van onderwerp toon 	4 – 7 punte
VLAK 3	<ul style="list-style-type: none"> • Onttrek relevante bewyse uit al die bronne en eie kennis wat goed verband met onderwerp hou • Gebruik bewyse uit bronne baie effektief en binne historiese konteks • Bewyse georganiseer in 'n goed gestruktureerde paragraaf wat begrip van onderwerp toon 	8 – 11 punte

(11)
[50]



**VRAAG 6: INTERNASIONALE VERHOUDINGE EN GEBEURTENISSE:
DIE KOUE OORLOG**

6.1. WAT WAS DIE REDES VIR DIE OPRIGTING VAN DIE BERLYNSE MUUR?

6.1.1 a) [*Onttrek bewyse uit bronne - V1*]

- Pleeg dae van sabotasie
- Werf spioene
- Uitlokking van onluste en demonstrasies (3x1)

b) [*Interpreteer bron en gebruik eie kennis - V2*]

- Sluit die hele grens tussen Oos- en Wes-Berlyn
- Bou 'n muur tussen Oos- en Wes-Berlyn (enige 1x2)

6.1.2 a) [*Onttrek bewyse uit bron – V1*]

- Wes-Berlyn was luuks by vergelyking
- Wes-Berlyn was welvarend en bdrywig by vergelyking
- Die individuele vryhede wat toegelaat is in Wes-Berlyn (enige 2x1)

b) [*Interpretasie van bewyse uit bron – V1*]

- Per vliegtuig uit Wes-Berlyn (1x1)

c) i) [*Onttrek bewyse uit bron – V1*]

- Jonk
- Talentvol
- Geleerd
- Professionele (enige 2x1)

ii) [*Interpretasie en eie kennis - V2*]


- Om uit armoede te ontsnap
- Will om 'n beter lewe
- Enige ander relevante antwoord (enige 1x2)

d) [*Interpretasie en eie kennis - V2*]


- Die VSA wou dat die mense van Berlyn sien hoeveel beter die lewe in kapitalistiese Wes-Berlyn was in vergelyking met kommunistiese Oos-Berlyn (1x2)

6.1.3 [*Onttrek en Interpreteer Bron – V2*]

- Alhoewel Wes-Berlyn deel van Wes-Duitsland was, was dit in Oos-Duitsland geleë (1x2)



- 6.1.4 a) [*Interpretasie en eie kennis - V2*]
- As gevolg van die bou van die Berlyne Muur (1x2)
- b) [*Interpretasie van bron - V2*]
- Die bou van die Muur in Augustus 1961 het die getal oorlopers drasties ingekort (1x2)
- 6.1.5 [*Vergelyking van bronne om verskille te identifiseer - V4*]
- In Bron 6A, die rede vir die bou van die Muur is om Westerse agente uit Oos-Berlyn te hou
 - In Bron 6B, die rede vir die bou van die Muur om te verhoed dat mense uit Oos-Berlyn na die Weste oorloop (2x2)
- 5.1.6 [*Interpretasie deur twee bronne te gebruik – V3*]
- Bron 6B beweer die rede vir die bou van die Muur was omdat te veel mense na die Weste oorgeloopt het
 - Bron 6C toon dat duisende Oos-Duitsers elke jaar oorgeloopt het tussen 1950 en 1961 (2x2)
- 6.1.7 a) [*Onttrek en Interpreteer bron - V2*]
- Sy was ongelukkig/ enige ander toepaslike antwoord
 - 'Wat maak dit saak op 'n dag soos hierdie!'
 - "Hulle het die grens gesluit! Hulle het die grens gesluit! het sy histeris herhaal' (enige 1x2)
- b) [*Interpreteer bron en gebruik eie kennis - L2*]
- Hul kans om na die Weste na 'n beter lewe oor te loop was beduidend verminder
 - Enige ander toepaslike antwoord (1x2)
- c) [*Interpretasie van bron -- V2*]
- Sy sou nie meer 'n werk hê omdat sy nie meer by haar werkplek sou uitkom nie. (1x2)
- 6.1.8 [*Interpretasie en onttrekking uit bron - V2*]
- In Wes-Berlyn was 'n oorfloed goedere, insluitend luukse items
 - In Oos-Berlyn was daar tekorte van basiese goedere (2x2)
- 6.1.9 [*Interpretasie van bron en eie kennis - V3*]
- Die VSA en Wes-Duitsland het groot bedrae geld in Wes-Berlyn belê terwyl
 - Die Sowjetunie op die stadium nie soveel belê het in die Oos-Duitse ekonomie nie
 - Enige ander toepaslike antwoord (2x2)



6.1.10 [Onttrek geselekteerde bewyse en gebruik eie kennis om paragraaf te skryf - V4]

Die volgende inligting moet dien as 'n riglyn en tesame met die kriteria in die holistiese matriks gebruik word om 'n punt toe te ken. Om 'n vlak 3 te behaal, moet leerders inligting **uit al die bronne en hul eie kennis gebruik.**

- Die maklike toegang van Westerse agente tot Oos-Duitsland
- Agente het dae van sabotasie gepleeg en onluste en demonstrasies in Oos-Duitsland uitgelok
- Duisende Oos-Duitsers het elke jaar na die Weste oorgeloop
- Die land kon nie bekostig om hoogs vaardige en geletterde mense te verloor nie
- Om die voortdurende herinnering van die verskille tussen Oos- en Wes-Berlyn uit te skakel

VLAK 1	<ul style="list-style-type: none"> • Kan nie bewyse onttrek nie of onttrek bewyse uit bronne op 'n baie basiese wyse • Gebruik bewyse gedeeltelik om oor onderwerp te skryf of kan nie oor onderwerp skryf nie 	0 – 2 punte
VLAK 2	<ul style="list-style-type: none"> • Onttrek bewyse uit bronne wat meestal relevant is en wat tot 'n groot mate verband hou met onderwerp • Gebruik bewyse uit bronne op 'n baie basiese wyse • Dit is georganiseer in 'n paragraaf wat 'n begrip van onderwerp toon 	3 – 6 punte
VLAK 3	<ul style="list-style-type: none"> • Onttrek bewyse uit al die bronne en eie kennis wat goed verband hou met onderwerp • Gebruik bewyse uit bronne baie effektief en binne historiese konteks • Dit is georganiseer in 'n goed gestruktureerde paragraaf wat gebrip van onderwerp toon 	7 – 8 punte

(8)
[50]

